**29 Augustus**
**Skrifgedeelte: Psalm 23**
**Fokusgedeelte: Psalm 23:4 (OAV)**

**Skaduwee van die dood!**

In elke mens se lewe kom daar donker tye soos hartseer, spanning, smart en pyn. Donker skaduwees sak op ons toe en ons sien geen lig nie. In ons teksvers sê Dawid: "Al gaan ek ook in die dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my."
Die dood is vir elke mens 'n verskrikking, 'n doodloopstraat, 'n finale einde, maar indien die Here jou Herder is en jy aan Hom behoort, is die dood vir jou as gelowige geen dood meer nie. Nee, dan is die dood vir jou slegs 'n skaduwee.
Dit is so omdat Jesus Christus in ons plek die smartlike dood aan die kruis gesterf het. In ons plek het Hy die straf gedra wat ons moes dra. Gevolglik is die dood vir ons geen dood meer nie, nee dit is slegs 'n skaduwee. Dit is net 'n skaduwee waardeur ek moet gaan wanneer ek by die laaste grens van my lewe kom, want Christus het met Sy dood die angel uit die dood gehaal.
Ook in die lewe gaan ons dikwels deur donker dieptes van ondraagbare spanning, intense hartseer en groot smart. Onthou, Jesus het nie net aan die kruis gesterf vir ons sonde nie. Nee, Hy was aan die kruis deur sy Vader verlaat sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie. Vandag moet ek weet, Hy is elke oomblik by en met my! Al gaan ek soms deur 'n dal van doodskaduwee, Hy is die ewige lig wat my daardeur lei.
*Sing: Psalm 23:1 Ds PJ van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)*